

Inhoud Preek doop Genees immuun inent oefening. Hierdie preek wys hoe die Here Jesus ons Geneesheer en nie een of ander geestelike fiksheidsinstrukteur is nie. Jesus se lyding, kruisiging, dood en opstanding is waarmee Hy ons 'n nuwe geaardheid gee wat ons immuniteit teen sonde gee. Jesus se lyding en opstanding kan nooit geestelike oefeninge wees waarin Hy ons deel van sy kamtige geestelikheid maak nie. Christus se doop wys ons Hy is ons Geneesheer wat ons immuniteit teen sonde gee. Sy doop is nie 'n voorbeeld van net nog 'n geestelike oefening nie.

Skriflesing Kolossense 2: 9 – 19; Lukas : 4: 24, 23: 35 – 39; Jeremia 17:14, 30: 17, 21 – 22.

Teks Lukas 4: 24: Toe sê Jesus vir hulle: “Julle sal sekerlik die spreekwoord aan My wil voorhou: ‘Geneesheer genees jouself.’”

Tema Die Here is ons Dokter nie ons fiksheidsinstrukteur nie

1. Ons doop vanoggend vir Philip Bonnema. Ons doop hom met dieselfde doop as waarmee die Here gedoop is. Die Here openbaar met sy eerste openbare optrede in Nasaret se sinagoge op 'n Sabbatdag wat sy doop beteken. Sy doop beteken Hy is die Dokter wat Homself nie gesond maak nie, maar sondaars.

Jesus lees vir hulle Jesaja 61: 1 – 2 en 58: 6 en kondig aan dat Hy die Messias is wat in Jesaja openbaar is. Dan verklaar die Here dat hulle nog vir Hom as Messias gaan sê: “Geneesheer, genees jouself.” Dit beteken “dokter maak jouself gesond.”

Toe Jesus aan die kruis gehang het, het die Joodse raadslede, die soldate en een van die misdadigers vir Jesus aan die kruis gesê: “Ander het Hy gered. Laat Hy Homself red as Hy die Christus is wat deur God uitverkies is”, “As jy die koning van die Jode is, red jouself!” en “Is jy dan nie die Christus nie? Red jouself en ons ook!”

Met hierdie minagtende uitdagings dat die Here Homself moet red, sê hulle vir Jesus wat Hy al in Nasaret voorspel het: “Geneesheer, genees jouself.” Daarmee spot hulle die Here Jesus dat Hy 'n bedrieër is wat voorgegee het dat Hy mense kom genees het, maar Hy kan Homself nie gesond maak nie, wat nog van ander mense.

Jesus noem in die evangelies sy lyding, kruisiging en dood, sy doop. (Mat. 20: 22; Mark. 10: 38; Luk. 12: 50) Daarom wys die doop van Jesus dat Hy die Dokter is wat Homself nie gesond gemaak het nie, sodat Hy ons kan gesond maak.

Dit is presies die doop waarmee ons Philip vanoggend doop. Sy doop met water wys dat die Here Jesus is sy Dokter wat Homself nie gesond gemaak het nie, maar vir Phillip.

Die Here is ons Dokter nie ons fiksheidsinstrukteur nie

2. Die Here Jesus maak ons gesond van sonde deur ons van ons sondes vry te maak.

In die profeet Jeremia beteken die woorde genees en bevry van sonde, en geneesheer en Here dieselfde: “Maak U my gesond, Here, dan sal ek gesond wees! Bevry U my, dan sal ek vry wees. Dit is vir U wat ek wil loof. ((Jer. 17:14)

Jeremia wys dat die Here ons van siektes genees waarvan ons nie self gesond kan word nie of ons self nie voor kan dokter nie, nes Jesaja dit wys in Jesaja 6: 10: “Verder het Hy vir my gesê: “Maak hierdie volk traag van begrip, maak hulle ore doof, en hulle oë blind sodat hulle nie met hulle ore hoor, en met hul verstand begryp en hulle hulle bekeer en genees word nie.”

Hierdie teks beteken dat Jesaja die Woord van die Here vir hulle moet preek. Dan sal die Woord van die Here wys dat hulle so siek is dat hulle hulle self nie sal kan gesond maak nie. Hulle sal hulle self nie met bekerings kan gesond maak van hul blindheid en doofheid nie.

Die siekte waarvan mense hulle self nie kan genees nie is hulle afgodsdienste en goddeloosheid. Dit is hierdie siekte wat maak dat hulle sondes doen maar nie kan sien of hoor dat dit sondes is nie. Hierdie siekte maak dat hulle ook nie van hul sondes kan wegdraai na die Here toe nie.

Daarom kom die Here met die aankondiging in Jer. 17: 14 dat Hy hulle van hulle sondes sal genees. Hulle kan nie van hierdie siekte, sondes genees nie, maar die Here sal hulle gesond maak. Die Here genees ons van sonde. Hy bevry ons van sonde! Dan is ons weer só gesond: “Julle sal my volk wees en Ek sal julle God wees. (Jer. 30: 22)

3. Die Here Jesus maak ons gesond van sonde deur ons sondige natuur weg te neem volgens Paulus in Kol. 2: 13. Die wyse waarop die Here hierdie sondige natuur weg vat is om dit te besny en ons met sy volheid te vervul.

Ons kan mense se sondige aard met siektes vergelyk wat mense nie self kan gesond maak nie. Dit is siektes soos masels, waterpokkies, Duitse masels, kinkhoes en selfs griep. Hierdie siektes kan nie gesond gemaak word nie. Hierdie siektes is ook baie ernstig. Dit maak mense blind, doof, vermink en ook dood. Mense se sondige geaardheid beteken dat hulle nie weerstand het teen hierdie siektes nie en vermink word en dood gaan van hierdie siektes.

Mense het nie so 'n sterk liggaam dat hulle nie hierdie siektes kan kry nie. Net so is mense ook nie so geestelike sterk dat hulle nie sondige begeertes kan kry nie.

Die Here is ons Dokter nie ons fiksheidsinstrukteur nie

Wat doen dokters vir hierdie siektes?

Hulle maak 'n entstof! Dit is 'n teenmiddel wat as hulle jou met hierdie entstof inspuit, dan kry jy nog hierdie siektes, maar jy kan nooit weer blind, doof, kreupel word of dood gaan van hierdie siektes nie. Jy is nou immuun teen hierdie siektes.

Dit is hoe Jesus ons sondige geaardheid besny! Hy vat die geaardheid wat nie immuniteit het teen sonde nie weg en gee ons 'n geaardheid wat immuun is teen sondes! Hy maak ons vol van Homself en Hy is die entstof teen sonde! Ons kry nog hierdie sondes, maar dit is so swak dat dit ons nie meer vermink of doodmaak nie. Hy is ons entstof wat maak dat ons nooit weer blind, doof, kreupel kan word deur ons sondes nie en dat ons nie meer deur hierdie sondes kan doodgaan nie.

Daarom stel Paulus dat die Here Jesus ons lewend gemaak het deur ons sondige geaardheid weg te sny. Daardie sondige geaardheid wat ons met sondes sou vermink en dood gemaak het, is nou weggesny deur ons inenting. Ons is nou immuun teen hierdie sondes. Immuniteit teen sonde is ons nuwe geaardheid.

4. Wat is hierdie entstof wat die Here en hoe maak Hy dit?

Die entstof volgens Kolossense 2 is Jesus se dood, kruisiging, begrafnis en opstanding uit die dood uit. Dit is die entstof wat die Here maak en die entstof waarmee die Here ons volmaak!

Hoe maak die Here hierdie entstof?

Presies net soos die Here gewys het na sy doop en toe Hy begin het om hierdie entstof te maak in Nasaret! Die Geneesheer gaan Homself nie genees nie, maar sondaars genees. Die Dokter gaan nie Homself nie, maar siektes genees.

Die Here maak hierdie entstof deur self die oordeel van ons sondes te dra, terwyl Hy geen sonde oortreding begaan het nie. Hy vat self die vloek van die sondes wat ons doen, al het Hy alles gedoen wat God se wet beveel. Hy dra self die straf van ons sondes al het Hy nooit enige sondeskuld gehad nie. Hy word self in sonde begrawe al was Hy nooit god se vyand nie.

Jesus red Homself nie van die straf, oordeel of vloek van die sonde nie, sodat Hy ons daarvan kan red. Hy genees nie Homself nie om ons te kan genees.

Dit is hoe die Here hierdie entstof teen hierdie sondes maak!

5. Hoe werk hierdie entstof?

Die Here is ons Dokter nie ons fiksheidsinstrukteur nie

Dit werk net soos met entstof! As jy hierdie entstof in het, dan kry jy nog die virus en word jy nog siek, maar jy word gesond van die siekte. Die siekte gaan weg sonder dat die siekte jou vermink of doodmaak!

Paulus wys dat hierdie entstof van die Here die skuld van sonde wegneem en die mag van hierdie sonde ontwapen – om ons vir God en God se liefde te vermink en dood te maak!

Daarom wys Paulus in hoofstuk een: deur Christus se lyding, kruisiging, dood en begrafnis is ons altyd vir God heilig, sonder foute en onberispelik.(1:22) Ons doen nog sonde, ons kry die siekte, maar die sonde kan ons nooit weer vir God onheilig maak nie. Ons oortree nog die Here se wet, maar God sal ons nooit weer vervloek nie. Ons maak nog foute, maar vir God bly ons foutloos. Ons kry nie alles wat God ons beveel reg nie, maar vir God bly ons onberispelik.

Ons het immuniteit teen sonde. Ons kry nog die siekte en ly nog deur die siekte, maar dit kan ons nooit weer vermink of doodmaak vir God nie. Dit kan ons nooit blind, doof, kreupel of dood vir God se liefde maak nie.

Daarom kry ons dit en dan gaan dit weg. Dit is hoe hierdie entstof van die Here met ons sondes maak. Ons kry dit maar dan gaan dit weer weg sonder om ons te vermink of dood te maak! Dit gee ons die geaardheid om al kry ons dit gaan dit weg sonder om ons te vermink en dood te maak.

Hoe kry jy die entstof in?

Entstof moet 'n dokter jou inspuit sodat dit jou hele liggaam kan volmaak!

Dit is wat die Here Jesus met die entstof wat Hy teen sonde gemaak het, doen. Hy spuit dit vir ons in sodat dit ons en ons hele lewe volmaak. Dit is hoe die Here ons Geneesheer, ons dokter is.

Hy besny ons en Hy vervul ons met die volheid van sy entstof: sy lyding, kruisiging, dood en opstanding. (2: 11 – 14) Wat Hy gemaak het, maak Hy deel van ons en ons lewe. Hy laat ons deel in sy lyding, sy kruisiging, sy dood en sy opstanding!

Só genees die Here ons omdat Hy Homself nie genees het nie!

6. Hoekom doop ons vanoggend vir Phillip?

Phillip is klaar besny! Ons gaan Phillip nie vanoggend besny soos die Jode in Kolosse wou gehad het dat Christene na hulle gedoop was, ook besny moes word nie. Ons besny hom nie omdat die Here Jesus hom klaar besny het.

Die Here is ons Dokter nie ons fiksheidsinstrukteur nie

Die doop met water is nie Philip se besnydenis nie. Dit is iets wat ons met mensehande doen. Sy besnydenis is nie met mensehande gedoen nie, maar deur die Here self.

Paulus stel dit só: “In Hom is julle ook besny, nie met die besnydenis deur mensehande nie, maar deur die besnydenis deur Christus, waardeur julle sondige aard weggeneem is, toe julle in die doop saam met Hom begrawe is.”

Die doop wys Christus is Phillip se dokter wat Philip teen sonde ingeënt het met die entstof wat die Here self gemaak het. Wanneer kinders se pa en ma hulle inent, dan kry hulle so 'n boekie om te wys dat hulle is ingeënt! Hierdie doop met water is soos daardie boekie wat wys dat die Here die Dokter is wat Phillip teen sonde ingeënt het.

Hy is deel van die lyding, kruisiging, dood en opstanding waarmee die Here Hom volgemaak het wat hom teen sondes immuun gaan maak.

Wanneer Phillip in een of ander sonde val, sal hy swaarkry en sukkel met die sonde, maar die sonde sal en kan hom nooit weer vir God se liefde en diens vermink of doodmaak nie. Hy sal sonde doen en dan sal die sonde weer weggaan! Hy sal sonde doen, maar nooit weer vir God onheilig, onregverdig, verkeerd, vol foute en berispelik wees nie. Al word hy met sonde siek, sal hy altyd vir god se liefde heilig, regverdig, foutloos, skuldloos en onberispelik wees.

Wanneer hy sonde doen, sal sy doop hom en almal om hom wys dat hy immuniteit het teen sonde – die Here wat sy Dokter is, het hierdie sonde ontwapen om hom te vermink of vir God dood te maak.

Daarom doop ons hom met dieselfde doop as wat die Here mee gedoop is. Die Here is gedoop om te wys Hy is die geneesheer wat nie Homself gesond gehou het nie, maar siek geword het om siektes gesond te maak. Hy het nie Homself gered of bevry van God se oordeel nie, sodat Hy ons daarvan kan bevry. Daarom wys die Here en Phillip se doop presies dieselfde: die Here genees ons deur self die siekte in ons plek te wees.

Die Here het Phillip ingeënt met Homself as die gedoopte sondaar in sy plek! Hy is in Christus gedoop en besny!

7. Die Here Jesus is nie ons fiksheidsinstrukteur nie!

Wat se ding is 'n fiksheidsinstrukteur?

Die kinders! Dit is 'n fris, sterk, mooi geboude en gesonde oom of tannie wat super gesond en fiks is en wat ander mense oefen om so mooi sterk, fris en aantreklik soos hulle te wees.

Die Here is ons Dokter nie ons fiksheidsinstrukteur nie

Hierdie oom of tannie het hulle eie reeks oefeninge uitgewerk en gepatenteer wat hulle dan as 'n gesondheidsbesigheid bedryf. Die oom of tannie staan so voor almal in 'n klas en dan wys hulle al die oefeninge wat al die ander dan net soos hulle moet doen. Hulle moet spring, rek, strek, en opsitte en opstote doen. Hulle moet alles wat die fiksheidsinstrukteur doen, saam doen en nadoen, net soos dit vir hulle gewys word!

Hoekom doen mense dit?

Een van die snaakse redes hoekom mense so saam met 'n fiksheidsinstrukteur dans, spring, sak, rek en strek, is omdat hulle glo dat die oefeninge maak hulle immuun teen siektes of sommer gesond wanneer hulle siektes kry!

Dit is omdat hulle glo dat wanneer jy een of ander siekte kry, is dit omdat jy nie reg geoefen het of reg geëet het nie. Hulle geloof is dat jy jouself met kos en oefeninge immuun een siektes kan maak.

8. Dit was werklik die bygeloof in die gemeente Kolosse ook oor sonde!

Kyk hoe beskryf Paulus dit in 2: 16 en 20: “Moet dus nie dat iemand julle oordeel oor wat julle eet of drink of oor 'n fees, 'n nuwemaansfees of die Sabbat nie.” en “waarom is julle, asof julle nog as deel van hierdie wêreld leef, steeds gebonde aan voorskrifte soos: “Moenie daaraan vat of proe of raak nie.”

Saam met hierdie reg eet om immuun te wees, het hulle ook geglo in geestelike oefeninge om jou immuun teen sonde te maak: “met selfopgelegde godsdienspligte, gewaande nederigheid en liggaamlike kastyding” (2:23)

Hulle het geglo dat jy met die regte geestelike oefeninge en regte kos, jouself teen sonde immuun kan maak!

Dit is hoe mense vandag van Jesus hulle geestelike fiksheidsinstrukteur maak! Jesus is vir hulle die strek, gesonde, mooi geboude mens wat sy eie baie spesiale geestelike oefeninge gepatenteer het en jou die oefeninge wys en saam met jou doen sodat jy gesond kan bly en nie sondes kan doen nie.

Só maak hulle van Jesus se lyding, kruisiging, dood en opstanding geestelike oefeninge wat Hy vir ons wys hoe om dit saam met Hom te doen om geestelik immuun teen sonde te wees.

9. Hierdie afgodsdiens in die Christelike Kerke klink van dag só!

Jesus is die fiksheidsinstrukteur wat met sy lydingsoefening onder God se oordeel vir ons die geestelike oefening hoe ons onder God se oordeel moet ly: ons moet

Die Here is ons Dokter nie ons fiksheidsinstrukteur nie

voor God gaan staan sodat God ons kan aankla en ons ons self voor Hom moet verneder, net soos Paulus dit noem in Kolossense “sogenaamde selfvernederings”

Dit is een oefening! Dit ander oefening is Jesus se nuwe kruis-oefening. Hulle glo Jesus wys mense hoe hulle alles wat hulle eie is vir God moet opgee asof sy kruisiging 'n oefening is wat wys hoe jy dit moet doen! Jy moet oefen om jou eie-ek en self te kruisig!

Nog 'n oefening is Jesus se doodgaan-oefening! Jesus wys mense kamstig hoe om dood te gaan soos Hy dood gegaan het. Hulle glo Jesus se dood is net 'n oefening wat Hy as fiksheidsinstrukteur vir ons gewys het hoe jy jouself voor God skuldig moet maak en dan jou eie-ek moet doodmaak.

Jesus het ook 'n opstandingsoefening. Jesus wat uit die dood uit opstaan is vir hulle ook net iets wat Hy wys wat hulle net soos Hy moet doen. Hy wys die oefening hoe God binne in jou lewe opstaan as jy jouself oorgee en opgee vir God.

Dit is wat Paulus in Kolossense noem: “Al hierdie voorskrifte is gebaseer op mensgemaakte voorskrifte en leringe wat mettertyd tot niet gaan.” Dit is “selfopgelegde godsdienspligte, gewaande nederigheid en liggaamlike kastyding” wat nutteloos is en dien tot die bevrediging van die sondige aard. (2: 22, 23)

10. Wie is die Here Jesus?

Is Hy ons Dokter wat ons inent teen siektes om ons 'n nuwe immune geaardheid te gee teen sonde of is Hy 'n geestelike instrukteur wat vir ons gesondheids-oefeninge wys?

Is Hy die Geneesheer wat Homself nie genees het sodat Hy ons immuun teen sondes kan maak of is Hy die mooi fris geboude geestelike wie ons met sy spesiale nuwe oefeninge só gesond hou dat ons oefeninge maak dat ons nooit siek word nie?

Die Here is ons Geneesheer wat ons immuun teen sonde maak sodat al doen ons sonde, ons nie vermink word en geestelik doodgaan om vir God onheilig te word nie, onregverdig te word, skuldig te word, vol smet en foute vir God te word nie. Hierdie geaardheid wat ons so sondig maak dat ons onheilig en skuldig vir god word, het die Here Jesus weggesny. Dit is hoe Paulus dit aankondig: Hy het die skuldbewys met sy aanklagte teen ons uitgewis en dit vir altyd weggeneem toe Hy dit aan die kruis vasgespyker het.” (2:14)

Hy maak dat ons 'n sondesiekte kry dit iets is wat ons net lig raak en dan weggaan!

Daarom is die Here se lyding, kruisiging, dood en opstanding sy entstof teen sonde! Dit is nie geestelike oefeninge wat Hy vir ons wys om Hom na te doen nie.

Die Here is ons Dokter nie ons fiksheidsinstrukteur nie

11. Kinders mag nie ingeënt word teen siektes nie!

Wat sal u dink van iemand wat so opvatting huldig? Kinders mag nie ingeënt word nie! Hulle word immuun gebore en moet dadelik die regtig kos begin eet en die regte oefeninge begin doen, dan sal hulle nie waterpokkies, Duitse masels, kinkhoes of griep kry nie! Dit is waansinnig! Hulle is nie immuun gebore nie. Net entstof maak hulle so immuun teen hierdie siektes dat hulle nie vermink word of dood gaan nie!

Hoekom dink u is mense vir ons kwaad omdat ons vir Philip gaan doop? Dit is regtig hoe baie mense in Christelike Kerke nou wêreldwyd voel oor ons Philip gaan doop! Volgens hulle mag ons hom nie doop nie!

Hoekom nie? Want al wat ons met ons menshande doen is om vir hom 'n teken te gee dat die Here Jesus sy Geneesheer is wat Hom met sy lyding, kruisiging, dood en opstanding ingeënt het sodat hy 'n nuwe geaardheid kan hê – immuun teen sonde! Wanneer hy 'n sondesiektekry sal dit hom nooit vermink of vir God dood maak as onheilig, onregverdig en skuldig nie, maar sal sy sonde verbygaan en hy nog steeds vir God heilig, foutloos en onberispelik wees. (1:22)

Hulle is kwaad want hulle glo nie die Here is 'n Geneesheer wat ons entstof ingee nie. Hulle glo Jesus is ons geestelike fiksheidsinstrukteur wat ons sy spesiale kruisiging en opleidingsoefeninge laat doen wat ons so fiks en sterk sal hou dat ons nie siek sal word nie.

Daarom is die doop nie vir hulle 'n inentingsertifikaat nie maar 'n fiksheidsertifikaat wanneer jy jouself met Jesus se spesiale oefeninge net so mooi, fris en strek soos Jesus gemaak het.

12. Wat is Philip se doop met water? Die teken die Here is sy Geneesheer wat hom met sy spesiale entstof teen sonde klaar ingeënt het of die sertifikaat dat jy net so mooi, fris, en sterk soos Jesus geoefen is?

Dit is die teken deur mense hande dat Philip deur die Here self teen sonde ingeënt is met sy kruisiging en opstanding! Geen sondesiekte sal Philip ooit vir God onheilig, onregverdig en skuldig kan maak nie.

Sy doop wys wys wat Jesus se doop met watergewys het: Die Here is Philip se Geneesheer wat nie Homself nie, maar vir Philip gesond maak.

Kom ons gee vir Philip die teken dat die Here hom teen sonde ingeënt het!

Die Here Jesus het hom regtig in Homself ingesluit en so teen sonde ingeënt!